# *OM DIE HERE TE ONTHOU*

Dankie, Broer Neville. So bly om hier te wees, Broer Neville, en die—die geleentheid om weer in hierdie Hemelse plekke te sit, in Christus Jesus. En getalle het my nooit gepla nie, dit maak my altyd opgewonde. Julle weet, ek's meer—ek's meer tuis wanneer ek saam met 'n klein getal is, want dis wat ek dink die Kerk is. Ja, ek het 'n Skrif daarvoor, sê: "Moenie vrees nie, klein Kudde, dit behaag julle—julle Vader om julle die Koninkryk te gee." En ek sou . . . dis die klein Kudde waarmee saam ek op daardie dag getel wil wees, die een wat Hy gesê het: "Moenie vrees nie." En ons is baie bly vir die voorreg om vanaand af te kom.

2 En ek het nie gekom met die bedoeling om te praat nie. Net 'n paar oomblikke gelede was daar iemand wat na die deur toe gekom het, en terwyl ek 'n bietjie studeer het, 'n konteks gereed gekry het vir 'n teks wat ek nou dadelik in die toekomstige dienste van Phoenix en Tucson wil gebruik, en daardeur. En ek het net waarlik gevoed geraak in die Gees, julle weet, van die goeie dinge van God, oor 'n Uiterste, en 'n onderwerp oor *Uiterste*. En my vrou het gekom en my vertel dat daar iemand gekom het om my te sien, en ek—ek het dit net nie korrek gekry nie, toe daarna, wel, gesê: "Gaan jy onder by die kerk wees vanaand?"

3 En ek het gesê: "Ek dink so." En ek het probeer om in die gees te bly van wat ek aan die doen was. En sy het teruggekom en gesê dit was 'n siek man wat gekom het om voor gebid te word. Ek het gesê: "Wel, dan, ek sal afgaan kerk toe, in elk geval, sien, en vir die siekes bid." Ek altyd, dis . . . Julle weet, daardie dinge is . . . ons behoort by hulle te kom so vinnig as moontlik wanneer mense siek en behoeftig is. Wie ook al siek was, weet hoe om te waardeer wat dit beteken om genees te word deur God se groot genesingskrag. En so 'n wonderlike ding is dit, wat 'n voorreg.

4 Nou, volgende Sondag wat kom, as die Here wil, Broer Neville en geen van hulle iets spesiaal het nie, het ek gedink volgende Sondagoggend sou ek—ek my Kersfees boodskap vir die mense bring, omdat hulle laat—hulle laat . . . Sommige van hulle kom van ver weg, julle weet, en soos Georgia en verskillende plekke, en dit sal hulle betyds laat terugkeer om hulle Kersfees—inkopies en dinge te doen.

5 En Billy het net uitgekom en my vertel, gesê my suster, Delores, volgende Sondagaand net voor diens, het een of ander soort van 'n klein—'n klein presentjies vir die kinders, 'n klein program wat hulle gaan, julle weet, 'n klein Kersspel wat hulle

wil opvoer voor die dienste begin. En ek het gesê: "Wel, dit sal in die Sondagaand wees, nie waar nie?"

Gesê: "Ja."

Ek het gesê: "Dit sal dan nie enigsins inmeng nie."

6 Nou, sien, volgende Dinsdag is Kersaand, dan as. . . of volgende Dinsdag, 'n week, is Kersfees. So dit sou die mense druk, julle sien, en sou dan moes teruggaan huistoe op Kersaand, en op Maandag, so ek het gedink dat ek. . . ja, twee weke. Dis reg, twee weke is reg. So ek het gedink miskien sal ek vanaand kom en die mense laat weet, as die Here wil, en Broer Neville niks spesiaals het nie. Dat, ek hou gewoonlik daarvan om my Kersboodskap vir die kerk te gee, en my Paasboodskap, en wat ook al die Here op my hart sit om te gee. En volgende Sondag, die Here wil, volgende Sondagoggend gee ek. . .

7 En die rede waarom ek dit op 'n oggend in plaas van 'n aand neem, waar die mense wat van ver af kom, hulle het die middag om te reis sodat hulle by die huis kan kom, julle sien. En ek sou dit liewer in die aand hê, ek dink die aand is baie beter. Ek—ek hou van die aanddiens, wanneer die son ondergaan, iets, anders. Dit was God in die Tuin van Eden, met Adam, sou opkom in die koelte van die aand en met Adam praat. Sien, en ek hou van die aanddiens. Maar, en die manier wat die omstandighede hier is, dat dit beter sou wees dat ek dit in die oggend het, en sodat die mense kan wegkom.

8 En ek is dankbaar dat die Tabernakel vergroot word hierbuite in die volgende plek in buite verby ons hier, bietjie meer plek daarby gevoeg word. Na al die stry en baklei, het ons dit uiteindelik in elk geval gekry. Julle weet, ou Broer Bosworth het altyd 'n humorsin gehad, gesê: "Die baba wat die hardste skree kry die meeste aandag." So dis soort van heelwat, julle weet, en so ek dink dit betaal ons om 'n klein bietjie te huil so nou en dan, dink julle nie so nie?

9 So, en ek wil Broer Anthony en sy medewerkers hier bedank vir daardie pragtige musiek. Ek het net ingeloop en dit gehoor. En, julle weet, daardie instrumente is trompette. Ek wou gehad het dat een van my kinders, ten minste een van hulle, 'n trompet moes bespeel, ek—ek. . . en daardie blaasinstrumente.

10 Becky het begin op die klavier, maar sy's by daardie klein tiener iets, julle weet, dis, sy wil dit nou opgee. En—en sy het begin. . . die onderwyser het gesê hulle moet begin met populêre musiek. Nie, nou, ek bedoel nie. . . julle weet wat ek bedoel, ouvertures, ensovoorts, van klassieke musiek, om die godsdienstige musiek daarby te kry. Wanneer sy opkom na haar hoër grade daarin, dan dink sy: "Wel, ek sal net ophou." En ek—ek. . . kinders is 'n probleem. En, in elk geval, dit moet 'n roeping van God wees, om mee te begin. Ek glo haar suster, Sarah, daaragter gaan haar klop, in elk geval, en nooit 'n les

gehad nie. So, so dan is die roeping van God beter wanneer dit so begaafd is soos daardie.

11 Maar ek hou van 'n trompet. Ek onthou toe hulle hierdie Tabernakel daarbuite op die hoek toegewy het, het die trompette weerklink vir 'n halwe dag hierbuite: "Onder by die kruis waar my Verlosser gesterf het, daar onder het ek vir vergifnis van sonde gehuil, daar aan my hart was die Bloed aangewend," toe ek my konteks in die hoeksteen laat inval het.

12 En ek onthou een aand by Trinity Metodiste kerk, toe ou Doktor Morrison . . . baie van julle mense wat destyds gelewe het in my dae onthou Doktor Morrison, 'n ou heilige man. Asbury het een van die grootste manne verloor sedert Asbury, toe hulle Doktor Morrison verloor het, aan sy eeu, 'n goddelike ou man. En ek was altyd lief daarvoor om hom te hoor preek. En ek het oorgegaan om na hom te luister by die Trinity Metodiste kerk daar oorkant. En daardie aand, het twee seuns uitgeloop in 'n klein balkon net toe ek en die vrou daar aangekom het, en hulle het hulle trompette in die lug gehou soos dié, en daardie instrumente daar, en hulle het gespeel daardie: "Onder by die kruis waar my Verlosser gesterf het!" Daardie groot kruis aan die bokant, wat in die rondte draai. Ek het net in die straat gestaan en geluister, met my hande in die lug, net God reguit uit begin prys. Ek kon dit nie help nie.

13 Daar's 'n soort van 'n emosie binne—in 'n wedergebore Christen, wanneer Dit pols, moet daar iets gebeur, dis al wat daaraan is. O, ek . . . Daar's niks soos 'n outydse Christen ondervinding nie! Sou niks daarvoor aanvaar nie, my ondervinding, sou dit nie ruil vir geen rykdom van die wêreld nie, die hele wêreld of al die sonnestelsel en alles, vir wat Jesus my geleer het van Homself nie.

14 Daar's 'n sekere man wat by ons sit, elke keer wat ek terugkyk spring my hart. Dis 'n man wat ek sien nagmaal neem het die ander aand, loop op 'n kruk. Het enigiemand jou ooit vertel jy lyk soos Oral Roberts? Ek sê jou, elke keer ek . . . Hoeveel . . . Julle het Oral Roberts gesien, amper almal van julle. As hy nie lyk soos Oral Roberts nie! Ek het net omgekyk. En ek—ek dink hy's 'n klein bietjie groter man as wat Oral is. Maar net om te sien die manier waarop hy sy hare kam, en sy voorkop en sy gelaatstrekke, en altyd soort van 'n persoon wat waardig lyk, wat sit soos Oral. En so ek—ek dink altyd: "Broer Oral?" Lyk net iets soos hy.

15 Broer Oral begin 'n soort van 'n Bybelskool daarbuite nou, glo ek, of iets. Ek het die ander dag daarvan gehoor. Wat? Universiteit. Ja. Broer Carl Williams is een van sy uiterstes daarop, van 'n sekere soort, ek weet nie wat dit nou net is nie.

16 Nou, nou onthou, Sondag, as die Here wil, sal ons begin, ek het die Paas . . . of die Kersboodskap. En dan is ek—is ek

dankbaar oor die Tabernakel wat begin is. En dan hoop ek dat hierdie nie net slegs ’n byvoeging van getal sal wees nie, maar dat dit die byvoeging van genade sal wees wat God ons kerk sal skenk, ons beweging, of, nie beweging nie, maar ons gemeente wat ons saam vergader het. Ons het dit lief.

17 En—en ek wil net graag dit sê. Ek gaan nie baie tyd neem nie. Maar, ek het baie dinge wat ek behoort te sê, maar ek is nie, dit sou te veel tyd neem. Maar, ek wil dit sê, dis iets wat ek nie kan sê nie. Daar’s dinge (almal verstaan) wat jy weet, en dis in die Naam van die Here, tog kan jy dit nie sê nie. Julle sien, jy moet dit vir jouself hou. Sien? Maar ’n sekere gebeurtenis wat naderkom, en was vir ’n sekere tyd, wat gereed is om te gebeur, waarvoor ek bang was deur te kyk na die beweging van die Heilige Gees onder die mense na daardie plek, en hulle wat nie een aardse ding ken nie, sien, maar die Heilige Gees soontoe sien beweeg. Ek sal dit openbaar, as die Here wil, een of ander gerieflike tyd. Nou, onthou, dit wys God onder hulle.

18 Soos iemand, ek glo, broer, ja, ’n tyd gelede gesê het, Broer Neville het gesê dat: “God, wat nie ons—ons—ons wanorde onder ons toereken nie, of ons wangedrag voor Sy aangesig nie.” Dat die siener wat gaan kyk het na Israel, en dit met die natuurlike oog kon sien, hoe wanordelik dit was, hoedat hulle verkeerd gedoen het en dat hulle vervloek moes word. Maar wat die biskop nie raakgesien het nie, was daardie geslaande Rots en daardie Koperslang, sien, wat versoening gemaak het. So, julle sien, toe—toe Bileam na Israel gekyk het, het hy ’n rede gesien om hulle te vervloek. Sien? Maar toe God na hulle kyk, het Hy die versoening gesien. Hy het gesê: “Julle is soos ’n eenhoring.” Amen. “Wie sal enigiets in julle pad sit? Hoe goddelik, hoe regverdig is julle tente!” Dis hoe God hulle gesien het. Sien? Nie hoe die mens hulle gesien het nie, nie hoe die—die groot hoogwaardigheidsbekleërs hulle gesien het nie; maar hoe Hy hulle gesien het.

19 En, O God, laat dit my deel wees! Laat dit my deel wees, want ek het niks in myself waarop ek kan aanspraak maak nie. “Niks bring ek in my hande nie, kleef net eenvoudig aan U kruis.” Sien, dis al wat ons het.

20 Wel, dit is biduur aand, of nie biduur aand nie, maar dit is soort van ’n evangelistiese groep hier. Ons—ons hou daarvan om die Woord te plaas. En miskien sou ek daarvan hou om vanaand met julle te praat vir ’n paar minute. Baie van julle wat sou wou blaai in die Skrif . . . Wel, weet julle, die vreemde ding, dit het net presies daar oopgemaak, op die teks wat ek wou lees. Ja, meneer. Vreemd. Dit was I Korinthiërs, die 11de hoofstuk, en party notas wat ek hier neergeskryf het, êrens hierin, waaraan ek gedink het, as ek dit nou net kan kry, in I Korinthiërs, die—die—die 11de hoofstuk. Presies hier is dit, presies hier. Ja, meneer.

21 Nou, voordat ons die Woord nader, laat ons die Outeur nader, sien, Wat die Woord is, dat ons mag vra vir genade en vir Sy seëninge terwyl ons Hom Wie die Woord is bestudeer. Laat ons bid.

22 O Here God, vol van genade en barmhartigheid, Wat gewillig was deur die eeu, nadat die mens gesondig het en daardie groot skeur tussen U en hom gesit het, een wat nie alleen weer kon oorgaan nie. Hy was absoluut, totaal verlore, sonder 'n pad terug. Maar die God van. . . vol van alle genade, was gewillig om 'n Plaasvervanger in sy plek te neem, en het hom teruggebring. Dit het die harte verbly van almal wat U ooit geken het, Here, hoedat in U groot liefde en genade U 'n Plaasvervanger geneem het! En soos ons dit pas klaar uitgedruk het, Here, dis op daardie Plaasvervanger wat ons vanaand staatmaak, daardie Een Wie gesterf het in plaas van ons sondaars, daardie regverdige Een Wie op Hom ons onregverdigheid geneem het. Dit is in Hom wat ons vertrou.

23 Nou kom ons plegtig na Sy Woord, met geboë harte en hoofde, in eerbied en in respek en in dankbaarheid. En vra dat U aan ons sal stuur vanaand, genade, deur die Heilige Gees, en vir ons die—die Brood van die Lewe sal gee wat ons nodig het om ons te onderhou. U weet presies waaraan ons 'n behoefte het, en ons weet dat U belowe het dat as ons sou vra ons sou ontvang.

24 Ons sou onthou vanaand, Here, almal wat ons weet wat siek en behoeftig is, dat die genade van God aan hulle gegee sal word in groot oorvloed. En, Vader, ons bid vir hulle wat weggeval het, dat hierdie komende vakansie 'n herinnering sal bring aan hulle hart, dat van waar hulle eens was, en geval het na die buitekantste ruimte van U gemeenskap. God, ons bid dat hulle sal terugkeer (skenk dit, Here), terugkeer na die gemeente, na die—na die Gemeente van die Eersgeborene, terugkeer na waar daar genade en barmhartigheid is, en liefde en goedhartigheid, en genesing van ons siele, ons verstand en ons liggaam. Skenk dit, Here. Seën die Woord vanaand. Gee ons almal krag, en gee ons van U Seëninge, soos ons dit vra in Jesus se Naam. Amen.

25 Nou, vir net 'n paar oomblikke wil ek julle aandag vestig op I Korinthiërs, die 11de hoofstuk, 23ste, 24ste, en 25ste vers.

> *Want ek het van die Here ontvang wat ek ook aan julle oorgelewer het, dat die Here Jesus in die nag waarin Hy verraai is, brood geneem het;*
>
> *en nadat Hy gedank het, het Hy dit gebreek en gesê: Neem,* en *eet; dit is my liggaam wat vir julle gebreek word; doen dit tot my gedagtenis.*
>
> *Net so ook die beker* en *ná die ete, met die woorde: Hierdie beker is die nuwe testament in my bloed; doen dit, so dikwels as julle daaruit drink, tot my nagedagtenis.*

26 As ek hierdie 'n klein teks sou noem waarna ek graag sal wil verwys, sou dit wees: *Om Die Here Te Onthou*. Dit klink soos 'n aand wat. . . of 'n boodskap wat gepreek moes word verlede Sondag, in die Nagmaal. Maar ek wil dit net uit 'n klein ander hoek benader vir 'n paar minute, terwyl ons—ons denke bymekaar maak, en in aanbidding van die Here.

27 Ons kon, natuurlik, begin met die Here se tafel, omdat dit 'n goeie plek is waar ons almal onthou. Om die Here te onthou by Sy tafel, wat, regtig, die teks verwys daarna. Maar, dis, Paulus het gesê dat ons die beker moet neem en—en die—die bloed moet drink, en die kosjerbrood moet eet, in herinnering, om te onthou wat Hy vir ons gedoen het. En soos jy dit doen, jy wil dit nie sommer 'n gewone, alledaagse ding maak nie; jy wil werklik kom en die Here onthou. Sien? Onthou dat dit Sy genade en Sy barmhartigheid was, en dit alleen, wat jou die enigste hoop gee wat jy het. Maak nie saak wat jy ooit sou doen nie, daar is niks nêrens wat op enige manier naby kan kom wat Christus vir jou gedoen het nie.

28 Ek het 'n treurige gebeurtenis gehad hierdie week, en tog 'n heerlike een, kan ek dit noem, ek het 'n broer begrawe wat eens hier saam met ons gesit het. En baie van julle ken die geleentheid. Dit was ons dierbare Broer Rodgers, Busty Rodgers, soos ons hom genoem het, Everett. En Broer Banks Wood hier, en Broer Sothmann, ons het saam na die begrafnisdiens gegaan.

29 En—en ek het 'n rit geneem in die sneeu, uit na die ou plek waar ek hom eerste begrawe het, omtrent vyf—en—twintig jaar gelede. Daardie keer toe ek hom begrawe het, was dit in modderwater, in die Naam van die Here Jesus Christus. Soos ons oor die ou bekende brug hier by Totten's Drif gegaan het, het ek met my broers gepraat, en gesê: "Eendag toe 'n sekere denominasionele prediker 'n—'n groot tent daar gehad het, het hy gesê: 'Daardie klein radikaal daaronder by die Baptiste kerk, wat mense doop in die Naam van Jesus Christus.' Hy het gesê: 'As enige persoon wat selfs in so 'n manier gedoop is, sou selfs nie welkom wees onder my tent nie.'"

30 En op daardie tydstip het dit gebeur dat daar sommige daar gesit het wat gedoop is in die Naam van die Here Jesus, en dit was Broer George Wright en sy familie. Hulle net . . . Enigste ding wat hulle kon doen was om nie terug te gaan nie.

31 So daardie dag by die drif, o, het hy net soort van sy diens verlaat en het afgekom om soort van te kyk, en sy gemeente het daar gestaan. En ek het gekom by die plek. En daar was 'n reën bo die heuwels daarbo, en die modderige velde het ingewas, sy klein sytakke het die Blourivier baie modderig gemaak. Ek het uitgestap in die water, omtrent middellyf diep. En een van die trustees, of diakens, liewer, het my die Bybel aangegee, en ek het gelees waar Petrus op Pinksterdag gesê het: "Bekeer julle, en

word gedoop in die Naam van Jesus Christus vir die vergifnis van sonde, en julle sal die gawe van die Heilige Gees ontvang."

32 Dit was daardie dag wat Georgie Carter daar gelê het, probeer het om haar hande op te steek, net omtrent iets oor die sestig pond geweeg, was nege jaar en agt maande in die bed, sonder om te beweeg. En haar mense, die kerk waaraan sy behoort het, het gesê, as enigiemand selfs na my diens kom, sou hulle selfs geëkskommuniseer word van hulle gemeenskap by die kerk. En so was dit dieselfde aand wat sy onmiddellik genees is. En toe wou sy gedoop word soos die klein Nale meisie wat daarbo was; wat ek 'n visioen gesien het, en julle ken die storie, haar hande en bene opgetrek; en in die visioen ingegaan en die krag van die Gees, hande op haar gelê, daar het sy uitgekom en was genees. En so sy het behoort aan dieselfde. Wel, dit was 'n Metodiste kerk. Die Metodiste prediker, Broer Smith, was die een wat op die oewer gestaan het met sy gemeente.

33 En ek het begin doop in die Bybel, Christendoop. En omtrent die tyd wat ek vyf of ses mense gedoop het, meteens het die lyne en rye opgebreek, daar op die heuwel. Hier kom daardie Metodiste klomp reguit af met hulle goeie klere aan, om gedoop te word in die Naam van die Here Jesus. En een vir een, dames in hulle pragtige sy en someruitrustings, wat uitloop deur die modder, hulle gesigte afgevee met trane, en lipstiffie wat afwas, wat uitkom om belydenis te—te maak— maak en—en om gedoop te word.

34 En saam met daardie klomp, het 'n sterk, breedgeskouerde, soort van 'n Amerikaanse soldaat—haarsnit, wye gesig, fris man daar uitgeloop met sy mooi, blou sergepak aan. Hy het gesê: "Ek, ook, het my besluit gemaak." Dit was Busty Rodgers, sonder dat enigiemand hom enigiets vertel het. Daar het hom begrawe in die Naam van die Here Jesus Christus, volgens sy belydenis.

35 En verlede week het ek hom onder die grond gesit by Milltown. En ek het gepraat oor die preek van: *Die Volmaaktheid Van Die Opstanding*. Ek was 'n sendeling, en die verskillende gode en filosowe gesien; en dis al wat enige daarvan is, buiten Christendom, dis net 'n filosofie, hoedat hulle *hierdie*, *daardie*, of die *ander* glo. Maar die groot Skepper Wie die skepping gemaak het! Daar moet 'n Skepper wees as daar 'n skepping is. En as daar 'n skepping is, is dit gemaak deur 'n Skepper. En enige mens se werk reflekteer homself. Hy's 'n goeie houtwerker, doen hy goeie werk, hy bou. En as hy 'n goeie werktuigkundige is, doen hy goeie werk. Jou werk reflekteer jou net. En God se skepping reflekteer God. En God het alles gemaak vir 'n doel. En alles wat God se doel dien, wanneer dit sterf, het dit 'n opstanding. Sê my een ding. En ek het baie dinge ingebring, soos die blomme en die bome.

36 En hoe die son opkom in 'n oggend, 'n klein babatjie gebore, dis swak, sy strale is. Omtrent tienuur, is dit 'n tiener. En om twaalfuur skyn sy in haar krag, in die prag van vroulik—of manlikheid. En omtrent twee—uur in die middag, word dit omtrent soos ek. En dan omtrent vyfuur in die middag, word dit soos oupa, sy gaan lê. En uiteindelik koel haar strale af van die aarde, en sy sterf. Is dit die einde daarvan? Sy het God se doel gedien. Sy het die botaniese lewe opgerig soos sy oor die aarde kom. Al die plante wat die vorige jaar dood sou wees, het sy opgerig. Is dit haar einde wanneer sy God se doel gedien het? Sy kom weer die volgende oggend op, met 'n nuwe lewe! Elke boom doen dieselfde, al die res, alles, maan, sterre, sonnestelsel, alles belowe.

37 En as 'n mens God se doel gedien het, is daar 'n opstanding net so seker as enigiets. Enigste ding wat jy moet doen, is, God wag net op tyd, net soos Hy nou maak.

38 Die groot blare wat pas van die boom afgeval het, afval, liewer. Waar die rooi, groen, blou, bruin, alle verskillende kleure oor die groot bors van die aarde, waar God se natuur die dood onder dit gelê het, het God net Sy ruiker uitgeplant. Maar Hy weet wanneer Hy die ruiker plant, daar's 'n opstanding in die lente! Die wêreld moet net om sy wentelbaan kom totdat dit weer reguit terugkom saam met die son, en dit sal opstaan in die begrafnisblomme.

39 Moet nooit sê: "Hierdie is die einde" nie, net so min as wat die blare, bruin op die boom, sê dis die einde. Enigste ding wat dit moet doen, is vir die tydsiklus van God om om te dryf, tot die tyd van die koms van die Seun van God. En elke lewende skepsel wat ooit gesterf het in Christus sal weer voortkom. In Sy Teenwoordigheid, om Hom te onthou. O, wanneer ek kom by die einde van my pad, wil ek sterf in Sy Teenwoordigheid, en Hom onthou, dat Hy die opstanding en die Lewe is. Hy is daardie Een.

40 Dan soos ons kom na die tafel van die Here. Die tafel van die Here, soos ek dit tevore hier verduidelik het, is nie . . . Ons glo wat ons noem "die nagmaal" is—is die neem van die brood. Ons plaas die verkeerde—die—die verkeerde . . . Ons plaas die regte ding in die verkeerde plek. Dit is nie die brood wat saak maak nie, dit is nie die wyn wat saak maak nie, dis die kosjerbrood en die wyn. Maar die ding wat dit is, is, *nagmaal (gemeenskap)* beteken "om mee te praat," en, deur met Hom te praat, Hom te onthou. Ek dink dis die mees geseënde tyd van die dienste. Sien? Elke uur van ons lewe behoort 'n gemeenskap (nagmaal) te wees.

41 'n Gemeenskap (nagmaal) met die Here is soos 'n oase in 'n woestyn. Dis soos die fontein onder die dam, daardie waar die—die reisiger wat verbykom, stop en die water drink totdat hy sy dors geles het. Dis om die Here te onthou. Deur te kom volgens die orde van Sy tafel, waar die verbygaande pelgrim

wat—wat hier op die aarde saam met ons vertoef, tesame, dat ons kan kom na Sy tafel en daar van Sy seëninge en van Sy genade en van Sy Woord drink, in gemeenskap rondom Sy Woord, totdat ons dorstige siele bevredig is. En dan verlaat ons die plek van aanbidding, verfris, bevredig; die woestyn se probleme weer tegemoet, die probleme van die lewe se woestyn. Ja, 'n oase in die woestyn, verfris onsself, maak onsself wanneer ons dors is.

42 Dit behoort te wees met elke aanbidder. Dit bevre—. . . Dit is met elke ware aanbidder, dat hulle verlang om bymekaar te kom. Daar's iets omtrent die gemeenskap wat—wat Goddelik is, dis ingestel deur God, en dis heilig, gewyd. En die regverdiges dors daarvoor.

43 Soos Dawid gesê het, dat sy "siel dors na God, soos die hert na die waterstroom." Die klein gewonde takbokkie waaruit die honde stukke uit sy sy geskeur het, en dis—dis daaruit weggeskeur. En dit staan, en hyg en dophou. Waar, aan die ruik met sy sintuig wat God dit gegee het, dit kan water vir myle ruik. En dit hou sy klein koppie in die lug terwyl dit sy lewe uitbloei. En dit weet, as dit ooit by daardie fontein kan kom, dat dit kan lewe. Niemand gaan hom dan vang nie. Hy ooit by die water kan kom, sal hy elke hond mislei wat jy agter hom kan aansit, want hy weet hy—hy het die lewegewende bron gevind.

44 En wanneer die kerk by daardie plek kom, waar Christus soveel vir ons beteken dat ons dors om in Sy Teenwoordigheid en bymekaar te kom, is dit 'n Lewegewende Bron. Geen Duiwel kan jou ooit verbysteek nie. Selfs dood self is daar oorwin. O, wat 'n hoop! Wat 'n plek! Verfris onsself. En, deur so te maak, te onthou dat Christus die Een was Wie dit vir ons moontlik gemaak het. Hy was die Een Wie hierdie dinge vir ons gedoen het, ons moet Hom onthou. Want, onthou, eens was ons vreemdelinge en sonder God, Heidene, weggevoer met stom afgode. Maar, onthou, Christus het nie gesterf vir die Jood nie, maar vir elke skepsel van Adam se gevalle ras, het Christus gesterf.

45 Soos ons kom om Hom te onthou by Sy fontein van—van nagmaal (gemeenskap), behoort dit—dit ons te herinner van destyds in die tyd soos Israel was in hulle reis. En hulle het gekom, tog in die einste loop van plig, op hulle pad van Egipte na hulle verlossing, na die beloofde land, en, in die einste pligsoptrede, sonder water geraak. En dit was droog in elke kyk, plek, elke. . . onder elke heuwel dat waar daar fonteine moes gewees het, was daar niks. En hulle was aan die vergaan in die woestyn. En toe het daar die Rots verskyn, wat Moses hierdie Rots geslaan het en daaruit oorvloedigheid van water gekom het. Elke dorstige man, elke dorstige vrou, kind, of selfs elke dorstige dier, kon water in oorvloed drink.

46 Soos Johannes 3:16, die goue teks van die Bybel gesê het: "Omdat God die wêreld so lief gehad het, het Hy Sy eniggebore

Seun gegee, sodat elkeen wat in Hom glo (glo, gemeenskap hou, Hom onthou) nie verlore sal gaan nie, maar die Ewige Lewe sal hê." En te onthou Christus was ons Rots wat geslaan is, om 'n sterwende wêreld te red, 'n sterwende Heiden, 'n sterwende Jood, 'n sterwende wêreld. Christus het Sy Lewe in oorvloed gegee, dat almal wat gehonger en dors het, het die profeet gesê: "Kyk, kom julle na die fontein, koop van My melk en heuning sonder prys." Kom, want dis die nagmaal, kom in herinnering van die Here.

47 Ek kan dink aan die herinnering van die Here weer by 'n plek van verfrissing, in die put genaamd *Beerlahairoi*, wat beteken in die Hebreeuse taal: "Die put van Hom wat lewe en my sien." Hagar, misverstaan, tog in die loop van plig. Misverstaan, verkeerd veroordeel, en was uitgewerp, met geen plek om na te gaan nie, met 'n sterwende kind, en die water was op in die bottel. En die klein kêreltjie het gehuil. En net 'n moeder se hart sou weet wat dit beteken om daardie uitroep vir water te hoor, en sy tongetjie wat opswel en sy lippe gebars, en haar baba wat elke minuut verswak. Uitgewerp, reg in die loop van plig, geen plek om na te gaan nie. Sy het klaargekom daarsonder, haarself, totdat sy die laaste druppel oor sy klein gebarste lippies uitgedruk het. En toe was die bottel droog, en sy het dit neergelê en aangegaan. En die klein kêreltjie het geskree vir water, en hy het swakker en swakker geword; en haar enigste kind.

48 Geen twyfel dat haar onskuldige hart sou roep: "O God, wat het ek gedoen? Wat het ek gedoen?" En sy kon nie uithou om daardie kind in haar arms te sien sterf nie, so sy het hom onder 'n bos neergelê. En sy het omtrent 'n boogskoot ver gegaan, waarskynlik 'n honderd jaarts of meer, en 'n klein boompie gesien, en daar het sy neergekniel en sy het begin huil. Wel, sy het gewonder: "Hoekom?" As sy gedoen het wat reg was, hoekom sou hierdie ding oor haar kom? Baie keer dink ons dit van ons siekte en beproewinge, sien, maar miskien is dit alles gedoen om genade en barmhartigheid te wys. En terwyl sy gedink het, het sy die klein dowwe uitroepe gehoor soos hulle uiteindelik weggesterf het, vir water.

49 Sy het 'n Stem hoor spreek en sê: "Hoekom huil jy? Waaroor huil jy?"

50 En sy het opgekyk, en sy het die put sien opborrel. Wat 'n fontein van verfrissing! Beerlahairoi, ek mag dit verkeerd uitgespreek hê. B, dubbel e, r—l—a—h—a—i—r—o—i, wat beteken: "Die put van Hom wat lewe en my sien! Hy wat nie kan sterf nie! Melgisedek! El Shaddai! Hy wat lewe en my sien, my behoeftes ken, Hy het my onthou. En daar het Hy my onthou soos ek Hom onthou het, en ek weet dat Hy lewe en laat opspring het hier in die woestyn, hierdie fontein."

51 O, kon ons dit toepas in 'n uur se boodskap op hierdie oomblik, van hierdie dag nou, wanneer die woestyn van

die kerke, die denominasionele, en—en die—die—die sosiale Evangelie predikers en die—die modes van die wêreld ingekruip het, en gedenomineer het en opgebreek het.

52 En dan om te dink dat daar weer vanaand staan, by die fontein van Hom wat lewe en my sien. Dis wat om Christus te onthou vir die aanbidder behoort te beteken. Ja. O, sy is misverstaan en is uitgewerp. Jesus het gesê, toe Hy hier op aarde was: "Ek is die lewende Waters, Ek is die Waters van die Lewe."

53 En ek wil 'n ander klein gedagte hier skets waaraan ek dink. Toe Jesus voor die hof was, en vir niks anders behalwe om bespottings onthalwe nie, deur. . . Hy was gestuur van Pilatus na Herodus. Nou, Pilatus hoef dit nie te gedoen het nie, en, julle weet, soos hy probeer het om sy hande daarvan te was. Maar eenmaal op jou hand, moet jy jou besluit maak. Jy kan dit nie op iemand anders stoot nie. Dis jy, as 'n indiwidu. Maar Hy, Hy was gestuur na Herodus, net om—om 'n—'n bespotting van te maak, omdat Hy nogal 'n naam gehad het as 'n wonderwerker ensovoorts, en Hy was 'n uitgeworpene van die kerk. So Pilatus self, hy het net gedink hy sal Hom oorstuur na Herodus, en miskien sou dit die ou grief wat tussen hulle, een teen die ander was, soort van uitstryk.

54 En so was Jesus geneem oor die strate en af deur die plekke totdat Hy die hoërhof, Herodus ontmoet het. En toe Hy Herodus ontmoet het, en Herodus was sy enigste kans gegee! Hoe dwaas kan 'n man wees? As Herodus net sou weet dat wat voor hom gestaan het die vervulling van elke Hebreeuse profeet was van die lang. . . en die kerk van die wêreld, wat voor hom gestaan het, die vervulling van elke wysgeer en profeet wat ooit gespreek het. Die geleentheid om sy sondige hart met genade en barmhartigheid te bevredig. Watter dwase man was hy!

55 En tog nie so dwaas soos 'n man vandag waaraan dieselfde ding gegee word, want ons het nog tweeduisend jaar gehad van Sy lering, van Sy genade. Maar wat 'n—'n dwase ding wat Herodus gedoen het toe hy voor Hom gestaan het en Hom nooit gevra het vir genade en barmhartigheid nie, nooit gevra het vir vergifnis van sonde nie. Hy het nooit geweet dat gestaan het. . . ek dink nie die man het besef dat so 'n Persoon voor hom gestaan het nie. Laat ons daardie laat insink vir 'n minuut. Want die Man het nie so 'n—'n sosiale naam of groot sosiale stand gehad nie, van verskillende organisasies en—en klubs, ensovoorts, waarmee Hy geassosieer was nie. Hy het nie so 'n naam gehad nie.

56 Maar Hy het gehad, onder die mense wat die Bybel geken het en die belofte geken het. En mag ek 'n bietjie sterker gaan, hulle wat voorbestem was tot Ewige Lewe, hulle het dit herken die oomblik wat Hy daar gestaan het.

57 Maar Herodus het dit nie geleer nie, hy het dit nooit geweet nie. Wat 'n droewige ding. Alles waarvan die profete gepraat het

vir vierduisend jaar, die vervulling van die uitroep van die wêreld het voor hom gestaan. Daar in sy teenwoordigheid het die hele vervulling gestaan. En soos ek dit weer mag sê, ons dink hy was ’n dwase man omdat hy ’n dwase besluit gemaak het, want, julle let op hy het hom nooit gevra vir genade nie. Hy het Hom gevra om—om hom te vermaak. “O, ek het gehoor dat U ’n—’n wonderwerker is.” Hy het gevra vir vermaak in plaas van genade.

58 Dis wat die wêreld, vandag, dieselfde besluit van Herodus weer uitdruk, wanneer hulle die wonderwerkende Christus dieselfde ding vandag sien doen wat Hy toe gedoen het, en die enigste dinge wat hulle verlang: “Laat my jou *dit—en—dat* sien doen.” Julle sê Herodus sal ’n slegte plek hê om te staan? Die mens van hierdie dag sal ’n slegter plek hê om te staan! Herodus het vierduisend jaar van ondervinding gehad, die profete en wysgeers. Ons het sesduisend, met ’n super lering teenoor wat hulle toé gehad het. Sekerlik. Watter ding het dit gedoen! So is dit vandag, selfde ding!

59 Wat was die probleem? Herodus het dit nooit ernstige oorweging geskenk nie. Hy het nooit gestop om te oorweeg nie.

60 En dis hoe dit is met mense van vandag. Hulle sien hierdie groot iets, dit het hulle oorbluf, maar hulle stop nie lank genoeg nie. Hulle probeer luister na ’n sekere rabbi, of ’n sekere teoloog wie Dit alles weg verduidelik. En tog, hoe wanneer ek dink aan Jeffersonville, hoe dikwels sou ek julle wou versamel soos ’n hen met haar kuikens, maar julle wou nie. Hoe dikwels sou ek julle versamel het? Hoe dikwels sou hierdie die—die tuinplek wou maak waar al die nasies sou invlieg, maar julle wou nie. Sien? Sien?

61 Nou, sien wat Herodus sal moet onthou in daardie dag? Sy uitstekende geleentheid, hy het dit van die hand gewys. En oorkant iewers in die gebiede van die verlorenes vanaand, onthou hy wat hy daaromtrent gedoen het. Te laat nou.

62 Moenie dat dit aan ons wees nie. Hierdie is ons besoektyd. Laat ons Christus onthou, dat Hy dieselfde gister, vandag en vir altyd is, Hebreërs 13:8. Moenie wag tot ’n sekere gebiede oorkant nie, in die veroordeelde nie, in daardie dimensie waar jy nie in die Teenwoordigheid van God kan ingaan nie, en jou tyd is verby op aarde, in die nagmerrie van verskrikking sal jy onthou jy het jou geleentheid gehad en dit van die hand gewys. Laat die jongmense hierdie ter harte neem. Laat ons almal dit ter harte neem.

63 Herodus het dit nooit ernstige oorweging geskenk nie. Sy enigste geleentheid, hy het net gevra om vermaak te word, en dat Jesus een of ander soort toertjie moes doen, ’n haas uit die hoed moes pluk, of, julle weet, of iets. Hy het gedink Hy mag wees, met ander woorde, hy het Dit beskou soos ’n towenaar. “Ons het gehoor dat U grappe kan maak. Laat my U nou U grappe sien maak.”

64 En mag ek dit sê in eerbied. Maar hoeveel keer het sogenaamde predikers van hierdie dag, gesê het: "As daar 'n Heilige Gees is, as jy glo dat die Heilige Gees net so is soos dit in die begin was, laat my jou ou *So—en—so* hier oorkant sien neem, of *hierdie*, o, *hierdie* man hier oorkant, *hierdie* vrou hier oorkant. Ek sal hulle gaan haal. Laat my jou dit sien doen."

65 Besef hulle dis dieselfde gees (nee, hulle besef nie) wat vir Jesus gesê het: "As U die Seun van God is, neem, maak hierdie klippe brood. As U die Seun van God is, sê ons wie U op die kop geslaan het. As U 'n Profeet is, sê ons wie U geslaan het," met 'n lap om Sy gesig. Slaan Hom op die kop, en gee dan die stok aan een na 'n ander, gesê: "Sê ons, as U 'n Profeet is. Sê ons wie U geslaan het, dan sal ons U glo. Sê ons, as U die Seun van God is. Ons is eerlik in ons harte. As U die Seun van God is, kom van die kruis af, en ons sal glo U is die Seun van God."

66 Ek wonder of baie mense vandag, beide man, vroue, jonk en oud, nie in daardie selfde posisie staan nie. En julle gaan onthou, eendag, dat julle in Sy Teenwoordigheid was, by Sy Fontein; en 'n grap wou sien, of 'n toertjie of iets anders wou sien: "Dit sal my Dit laat glo. Laat my 'n rilling oor my rug laat kry, en laat my *hierdie* of *daardie* doen, sal ek Dit glo." Sien, sekere sensasie, is eenvoudig afgodediens! Laat my . . .

67 Julle weet, Jesus het in een geval gesê, Hy het 'n vraag gevra. Ek wil vanaand die kerk dit vra. Jesus het gesê: "Hoekom? Hoekom? Hoekom noem julle My julle 'Here,' en doen nie die dinge wat Ek julle beveel het om te doen nie? Hoekom kon julle My 'Here' noem, en nie My Woord hou nie? Hoekom kan julle My 'Here' noem, en ontken die dinge wat Ek julle beveel het om te preek en te leer?" Wat is dit? Wat doen dit? Dis omdat 'n sekere denominasionele tradisie tussen hulle en die Woord staan. En enigiets wat tussen jou en God staan, is 'n afgod, dit neem die plek van God. Hoekom noem julle "Here"? *Here* beteken "eienaarskap," Here besit die eiendom. En as God my besit, as ek Syne is, en Hy draai my eendag om toe ek op die verkeerde pad was, en my geroep het vir 'n doel, wat is ek veronderstel om te doen behalwe om Sy begeerte te vervul, soos Hy met Petrus gemaak het. Hoe kan ek enigiets anders doen behalwe Sy Woord hou? "Hoekom noem julle my 'Here'?"

68 Ek wil 'n ander kêrel hier noem, kyk wat van hom. Wat van Judas, wat het hy om Hom aan te onthou? Ons praat oor om die Here te onthou. Judas vanaand en, o, totdat hy nie meer is nie, sal moet onthou dat hy sy geboorteregte verkoop het. Hy het Jesus verkoop vir persoonlike gewin. Ons verkleineer Judas— Judas. Ons sê hy was 'n vuil, slegte kêrel, hy's nie geskik vir geen plek of geen samelewing nie, hy's nie geskik vir die Hemel nie. Hoekom? Hy het sy Here verkoop, nadat hy die geleentheid gehad het om selfs 'n—'n dissipel te wees, om 'n apostel te wees, die hoogste roeping in die Bybel, hoër as 'n profeet. Hy het die geleentheid

gehad om ’n—’n apostel te wees, en het daardie reg verkoop vir persoonlike gewin. En nou moet hy dit onthou. Dis hoe hy Jesus onthou: persoonlike gewin.

69 En ek wonder hoeveel van hulle staan steeds vanaand in die preekstoel, dra steeds die kleed van die koor, sit in die sitplek van die diaken, of neem die plek van die tesourier, trustee, of wat ook al dit mag wees, sy posisie in die kerk, of die prediker by die preekstoel, en verkoop steeds sy geleentheid vir persoonlike lof: “Doktor, Biskop *So—en—so*,” vir persoonlike lof, persoonlike gewin.

70 En ’n man het eenkeer vir my gesê: “Ek glo dis die Waarheid. Maar as ek dit sou preek, sou ek daar in die straat bedel.”

71 Onthou julle die ryk man en Lásarus, waarby hulle laaste en hulle Ewige staat was? Hoewel een gehad het . . . ’n bedelaar was, en die ander ’n ryk man was, maar die prentjie het eendag verander en albei van hulle kon onthou. So, mense skree vanaand oor Judas wat Hom vir persoonlike gewin verkoop het, en soveel doen dieselfde ding vandag, verkoop Hom vir persoonlike gewin.

72 Die priesters van daardie dag sal ook onthou hulle het hulle kans met Hom verkoop, hulle kans om Sy dienaar te word, om Sy dissipel te word, om ’n bekeerling van Hom te word. Hulle het dit verkoop vir groen vergiftigde jaloesie. Hulle was jaloers op Sy Doktriene. Tog, toe Hy net twaalf jaar oud was, kon Hy hulle na enige kant toe vasvra; en dit nie herken, dat daardie die Messias was nie. Hulle kon nie die dinge doen wat Hy gedoen het nie. En hulle was bang dat hulle hulle aansien voor die hoër klas mense, sou verloor en hulle het hulle geleentheid verkoop. En hulle is net so skuldig as wat Herodus was.

73 En die kerklidmaat van vandag is dieselfde. As hulle in hulle denominasie ensovoorts vertrou het, daardie dae, en bang was vir hulle—vir hulle aansien, hulle uit die sinagoge uitgesit sou word, wat was dit toe? Dit was afgodediens! Die aanbidding van ’n afgodsgeloofsbelydenis of ’n afgodskerkgodsdiens, in plaas van die lewende Woord te aanvaar wat voor hulle gemanifesteer was.

74 En hulle het die Woord van God gesien. Die Bybel het gesê: “Ons het Hom gesien en Hom hanteer.” Mense het hulle hande gelê op die letterlike, lewende, gemanifesteerde Woord van die lewende God; en tradisies en geloofsbelydenisse tussen hulle laat staan, potte en panne gewas, so ’n vuil ding tussen hulle en die lewende God laat staan. Ja.

75 Wat was dit? Hulle was bevooroordeeld. Hulle was bevooroordeeld teen Sy skoon, reguit Evangelie Skrif wat Hy geleer het, die Vader se Woord. Hulle was jaloers op Hom. Hulle was bevooroordeeld teen Hom. En solank as wat hulle ’n herinnering het, wat, steeds in die hel hulle sal onthou, dis hoe hulle onthou sal word. Dis hoe hulle Hom sal moet onthou.

Julle sê: “O, daardie was die Fariseërs.”

76 Daar’s ’n klein dametjie wat altyd na hierdie kerk toe gekom het. O, ek neem aan miskien ken baie van julle haar, sy woon ’n entjie hier met die pad af. Sy het weggeval. En elke keer as sy my sien, hardloop sy na my toe, sit haar hande in myne: “Broer Bill, bid vir my. Ek’s teruggeval.” Haar man is ’n . . . Nee, ek dink hulle woon reg hierbo in die straat. Ek het haar gesien in die Gees, die Gees van God op haar gesien, en sy wat dans, juig, ensovoorts. En sy het weggeval. En sy het onlangs in die hospitaal hierbuite gelê, sterwend, het hulle gedink. En sy het gestuur vir my om vir haar te kom bid.

77 Sy en haar man was baie goed vir my vrou, toe my vrou, ’n klein, verslete, vuilgesig meisietjie, en hulle sou vir haar ’n klein rokkie of iets nou en dan koop, om haar te help om skool toe te gaan. Maak nie saak hoe min dit is nie, jy kan nie een ding doen vir God sonder dat Hy dit onthou nie. “In soverre as julle dit aan die geringstes van hierdie My kleintjies gedoen het, het julle dit aan My gedoen.” En soos die brood op die water, sal dit terugkeer.

78 Daar het hierdie arme, klein, teruggevalle vrou gelê, huilend, my hand vasgehou. En sy . . . Ek het gesê: “Wel, suster, ek sal—ek sal vir jou bid.”

79 En op die bed langs haar het daar ’n vrou gelê met haar hande oormekaar, na my gekyk. En haar jong seun wat aan haar sy sit, van omtrent twintig, wat soos ’n moderne “ricky” gelyk het.

80 So, met geen minagting as iemand se naam Ricky sou wees nie, maar ek bedoel dis ’n . . . jy het nooit van ’n naam soos daardie destyds gehoor nie. Elvis en Ricky, dis net ’n naam van die eeu, julle sien. As julle ’n kind met daardie naam het, noem dit sy middelnaam, so, of gee dit een.

81 Toe met sy wat so daar sit, en oorgekyk het, en ek het my hoof begin buig, en ek het opgelet dat sy regtig . . . Sy het gesê: “Wag ’n oomblik! Trek daardie gordyn toe!”

82 Ek het gesê: “Ek sou net gebed doen vir die dame. Is—is u nie ’n gelowige nie?”

83 Sy het gesê: “Ek sê jou nou, ons is Metodiste, en ons wil hê jy moet daardie gordyn toetrek!”

“Ja, mevrou,” en ek het die gordyn toegetrek.

84 Sien, dieselfde ding. Dieselfde ding vandag, so bevooroordeeld! Hoe het sy geweet watter soort van ’n prediker ek was? Ek het nooit die vrou gesien nie. Maar sy het waarskynlik iemand hoor sê dat ek in die genesing van die siekes glo, en sy is daarteen geleer. Sy het niks daarmee te doen gehad nie, sy het haar hande daarvan afgewas. Sy was bang dit sou op haar val. Moenie bekommerd wees nie, dit sal nie, net so min soos Pilatus dit van sy hand kon afwas.

85 Nou, dit is nie enigiets skandeliks sê oor die Metodiste mense nie; dit was net een vrou, sien, dit mag net haar gesindheid gewees het. Ek dink nie al die Metodiste mense sou so wees nie, want ek het vir baie van hulle gebid. Hulle het my geroep om vir hulle te bid, en tekens en wonders is onder hulle gedoen. Dit is nooit die mense in daardie kerke nie; dis die stelsel waaronder hulle is, dis wat dit doen. Maar sy was een van daardie soort. Wat was dit? Suiwer groen—oog gif, Duiwelbesete jaloesie.

86 Ek kan iets sê. By—by 'n sekere byeenkoms wat hier was in die stad eenkeer, en hulle het gevra hoekom hulle my nie soontoe gevra het nie. Maar ek sal dit net laat verbygaan omdat ek tuis is. Maar, en alhoewel, geen rede, dis net jaloesie, dis geloofsbelydenis, dis afgodediens. Hoedat ons ons arms om almal wil gooi, maar wanneer jy verwerp word . . . Jesus wou dit gedoen het. Onthou, eendag sal jy dit moet onthou. Jy moet dit onthou.

87 Herinner my net aan 'n getuienis wat onlangs gelewer is. 'n Prediker, en was op 'n hyser wat opgegaan het, hier oorkant by die Heyburn Gebou. En daar het drie mans gestaan saam met hierdie prediker op die—op die hyser, en hulle—hulle het nie geweet hierdie man was 'n prediker nie, ek veronderstel nie. En soos hulle opgegaan het, het hulle almal gestop by die agtste vloer. En een man het omgekyk na die prediker, en gesê: "Jy weet wat? Hierdie is omtrent so naby aan die Hemel as wat ons ooit sal kom."

88 "Wel," het die prediker gesê: "ek—ek veronderstel jy's reg. Ek—ek reken dat jy reg is, want solank as wat ons vertrou in ons eie meriete, is dit so naby as wat ons ooit sal wees." Dis reg. En solank as wat jy vertrou in wat jy doen, onthou jy wat jy doen. En ek is seker dat die meeste van ons weet dat ons niks gedoen het nie, ons verdien niks nie. Gesê: "Ek veronderstel as ons vertrou op ons eie meriete, is dit so ver as wat ons ooit sal kom." Wel, as ons vertrou, dis hoe ver ons sal kom.

89 Maar, o, ek wil graag iets sê. As ek kan vergeet wat ek was, en onthou wat Hy is, as ek Jesus kan onthou, as ek Hom by die kruis kan onthou, as ek kan onthou wat Hy vir my gedoen het, en die uur kan onthou wat Hy my sondes weggewas het, en my die Heilige Gees gegee het om my te lei, dan's ek opgelig bo enigiets wat hierdie aarde vashou. Ek's gelig bo elke aardse ding, na Hemelse plekke in Christus Jesus, waar ek met Hom kan gemeenskap hou. Daar in Sy Teenwoordigheid, vergeet van alles wat ek ooit was, vergeet van al my sondes en alles, want hulle is in die see van vergetelheid. Vergeet van my hele verlede, vergeet alles, en onthou dat Hy my Sy Eie gemaak het, deur Sy Eie dood. Hy het my plek ingeneem. En ek wat geen reg gehad het om nêrens behalwe na die hel te gaan, Hy het my plek geneem en my opgelig uit die hel. Hy het soontoe gegaan vir my. En Hy het my opgelig deur Sy genadige oorvloedigheid, totdat ons nou seuns en dogters van God is, en ons in Hemelse plekke in Christus Jesus

sit, en Hom ewiglik prys en onthou, Wie ons veilig sover gebring het. En met polsende geloof in ons siele, wat ons dring, en deur genade sal Hy my laat voortgaan.

90 En deur oë van geloof sien ek Sy Skrif vervul: “Almal wat Hy vooruit geken het, het Hy geroep; almal wat Hy geroep het, het Hy geregverdig; en almal wat Hy geregverdig het, het Hy verheerlik.” Daarom met dit in gedagte, staan ek in die bymekaarkoms van die mense, waar die Gees van God is, en word opgelig om te sit in Hemelse plekke in Christus Jesus. Sien uit na die uur wanneer hierdie vuil gedaante van menslike lewe wat ’n sterflike hartklop het, en wat eendag moet stop, verander sal word en ’n hart van die Gees gegee sal word wat dwarsdeur al die nimmereindigende tyd anderkant dit sal klop, sonder siekte, sonder verdriet, sonder ouderdom of enigiets.

91 Onthou Jesus. Wanneer die vaatjie leeg raak by die huis en daar’s nie meer meel nie, onthou Jesus. Wanneer die dokter sê daar’s geen kans meer nie, onthou Jesus. Wanneer die Duiwel jou versoek; soos ons ons verdagingslied sing: “wanneer versoekings om ons vergader, prewel daardie Heilige Naam in gebed.”

92 Om Jesus te onthou, om te onthou dat Hy weer sal kom. Dieselfde Jesus wat weggeneem is van ons sal weer terugkeer op dieselfde manier as wat ons Hom in die Hemel sien ingaan het. Onthou, Hy sal terugkeer vir diegene van Sy Eie.

93 Laat ons bid, en met ons hoofde gebuig. En met hierdie klein opgebreekte Boodskap steeds in julle hart, sou julle wou hê dat Hy julle nou onthou? As julle wou, steek julle hande op, en ’n spesiale ding: “Here, onthou my.” Soos die digter gesê het: “Onthou my wanneer die trane val.”

94 Ons Mees Heilige Vader, ons het die Teenwoordigheid van die Heilige Gees geweldig geniet, soos Hy vir ons die Woord van die Lewe gewys het, soos ons die put onthou waaruit ons gekap is en nou uit daardie put geneem is en in God se kinders gevorm is, deur die genade van Jesus Christus. Ek onthou Hom, toe ’n dokter in my gesig gekyk het en gesê het: “Dis nog net ’n paar minute,” ek onthou Jesus. Ek onthou Jesus, toe ek by die altaar was en om genade uitgeroep het, en my siel belas was, onthou ek die las wat my verlaat het. Jesus het my las geneem. ’n Paar maande gelede, gesit op die bank, deur die teleskoop van ’n geweerloop gekyk, om ’n teiken te skiet, en Satan moes gedink het: “Hierdie is nou my geleentheid.” En toe die geweer ontplof het, en die loop en die kolf en die geweermeganisme na alle kante getrek het, en die vuur oral om my gevlieg het, en ek op my voete probeer staan het, en die bloed wat spuit, onthou ek dit was Jesus. Toe die dokter, toe hy gekyk het en geen skade gesien het nie, het hy gesê: “Die enigste ding wat ek weet, dat die Here daar moes gesit het, ook, en Sy dienaar beskerm het, hy moes in stukke geskiet gewees het deur so ’n ontploffing.” O God, hoe ons al daardie dinge onthou!

95 Ons kom na die Fontein gevul met Bloed, getrek uit Emmanuel se are. Seën ons, Here, vanaand saam. U ken die—die bedoeling en motief agter elke hart wat 'n hand opgesteek het. U ken die begeerte en behoefte. En as u dienaar, Here, kom ek—ek saam met hulle, en—en op buite hierdie Tabernakel gaan ons nou (deur geloof), bokant die wolke en maan, en die sterre en die—die melkwit weg, en nou arriveer ons in die Teenwoordigheid van God. En voor my uitgestrek, is 'n goue altaar, daarop lê die Offer wat ons onthou, Jesus, wat gesê het: "Vra die Vader net enigiets in My Naam, Ek sal—Ek sal dit skenk." Laat ons geloof nie faal nie, Here, maar laat ons onthou dat ons ontvang waarvoor ons gevra het, as ons dit glo, soos ons onthou dat Jesus gesterf het om dit vir ons te beveilig en om dit te verseker.

96 Here, ons sien dat U ons gebou vergroot. Dit was U wat dit vir ons gedoen het, wat ons hierdie vergroting van die kerk gegee het. En ons weet dat dit U was, Here, Wie ons die kerk in die begin gegee het. Ons bid dat U hierdie pogings sal seën.

97 Here, ons bid vir ons pastoor, Broer Neville, U nederige en genadige, getroue dienaar. Is gewillig om te preek in enige hoedanigheid, maak nie saak óf dit in die agterste sitplek is, óf dit is om die kerk skoon te maak nie. Waar ook al U hom benodig, daar wil hy instrumenteel wees, om U te dien waar ook al U roep. Ons bid, God, dat—dat U hom sal seën.

98 God, hierdie groot beproewing wat ek pas deurgekom het, en hierdie trustees wat by my gestaan het, en hierdie kerk wie—wie vir my gebid het, en uiteindelik het die oorwinning gekom. O God, ek bid vir hulle. Ek onthou hulle, ook, Here, en ek is seker U doen dit.

99 Ons onthou die seëninge wat U vir ons was. En ons onthou U Woord, dat U ons nooit sal begewe of verlaat nie. Ouderdom sal niks daarmee te doen hê nie, U sal ons steeds onthou, wanneer die wêreld nie meer sal wees nie en tyd in Ewigheid sal vervaag. Dit is iets geskryf soos hierdie: "Kon 'n moeder haar suigeling vergeet? Ek kan julle nooit vergeet nie. Julle is gegraveer op die palms van My hande," die spykers wat ons naam gegraveer het. Ons weet dat U ons onthou, Here.

100 En mag U altyd in ons kosbaarste herinneringe wees, as ons Verlosser, ons Geneesheer, ons Koning, ons Minnaar, ons Lewe, ons Sonskyn, ons Allesomvattende, daardie onuitputlike fontein van God se genade en liefde aan ons gevalle mense van Adam se familie. Skenk dit Here, soos ons onsself nou aan U toevertrou, soos ons vertrek van die Tabernakel vanaand, en Jesus onthou. Amen.

101 Onthou julle Hom? Het julle Hom lief? Nou ek dink, in ons klein gebroke Boodskap, mag ons dit sê. Paulus het gesê: "Wat ook al ons doen, ons doen dit in die Gees." In alle dinge behoort ons Hom te onthou. Laat ons nie 'n besluit neem voordat ons

Hom onthou het nie; laat ons niks doen nie, want dit sal rasioneel wees. As die vyand op die een kant van die wang slaan, laat ons onthou wat Hy gedoen het voordat ons terugslaan. Laat ons Sy optrede onthou. As daar 'n besluit is om te neem, laat ons wag, onthou watter soort van 'n besluit ons dink Hy sou maak, dan laat dit ons besluit wees. As ons haastig raak, laat ons onthou Hy was nooit haastig nie. Sien? As ons oorgretig raak, onthou Hy woon in Ewigheid, tyd beteken niks vir Hom nie. Dis die motief en bedoeling van ons hart. Laat ons Hom onthou.

102 En laat ons Hom nou onthou soos ons hierdie lied in die Gees van Sy Teenwoordigheid sing: "Ek het Hom lief." As jy in liefde woon, woon jy in God, want God is liefde. Hulle wat woon in God, woon in liefde. Sien? En liefde het geen haat nie. Liefde is nie jaloers nie. Liefde is nie opgeblase nie. Liefde gedra homself nie sleg nie. Liefde is altyd sagmoedig, teer, vergewensgesind, saggeaard. Maak nie saak hoe bitter die ander is nie, liefde bly homself. Liefde is die uiterste van genade. Liefde is God se ultimatum aan ons. Na alle ander gawes en dinge verdwyn het. Ons profesie, ons tale, ons interpretasie, alles wat ons gedoen het, of wat ook al, wanneer liefde inkom, dis die uiterste. Dis bo alles, want alles anders faal. Dis—dis die Hooggeregshof se besluit. Dis die vasmaak Paal. Dis die Noordster wat die seemanne gelyk hou. Dis die Kompas wat ons lei. Liefde is die uiterste. Laat ons dit onthou soos ons sing: "Ek het Hom lief."

Ek het Hom lief, ek het Hom lief
Omdat Hy my eerste liefgehad het
En my verlossing gekoop het
Op Golgota se boom.

Ek het Hom lief, ek het Hom lief
Omdat Hy eerste... (Nou onthou, Hy het my
eerste liefgehad en Sy Seun gegee)
En my verlossing gekoop op
Golgota se boom.

103 Nou terwyl ons suster vir ons hierdie lied speel, [Broer Branham begin "Ek het Hom lief" neurie—Red.] laat ons net in die soetheid van gemeenskap, terwyl ons saam sit in Hemelse plekke in Christus, nou alles neem, alles uit julle hart neem. En onthou, God se Woord sê so. En ek is Sy dienaar. Hy's hier. Dan laat ons net hande skud met iemand en sê: "God seën jou, broer." As jy 'n vyand het, staan op en gaan na hom toe, sien: "God seën jou, broer," soos ons weer hierdie koortjie sing en hande skud met mekaar. Sal julle dit nou doen, baie soet in die Gees.

Ek het Hom lief, ek het Hom lief
Omdat Hy my eerste liefgehad het
En my verlossing gekoop het
[Broer Branham skud hande—Red.]

Met ons hande op nou.

Ek het Hom lief, ek het Hom lief
Omdat . . . (Onthou Jesus!)
En my verlossing gekoop het
Op Golgota se boom.

104 Nou laat ons ons hoofde buig en dit neurie. [Broer Branham begin neurie “Ek het Hom lief”—Red.] Om Jesus te onthou! [Broer Branham hou aan neurie] “Hy my eerste liefgehad het.” [Broer Branham hou aan neurie] “Op Golgota se boom.”

105 Nou soos ons suster speel, soet en sag, gaan ek ons goeie broer vra . . . Broer Neville, het jy ’n woord wat jy wil sê? Ek gaan Broer Collins daaragter vra, ons getroue klein broertjie hier, een van ons medewerkers, of hy ons sou verdaag in gebed. Terwyl ons ons hoofde buig, Broer Collins. [Broer Collins bid—Red.]

*OM DIE HERE TE ONTHOU* AFR62-1209
(Remembering The Lord)

Hierdie Boodskap deur Broer William Marrion Branham, oorspronklik in Engels gelewer op Sondagaand, 9 Desember, 1962, by die Branham Tabernakel, in Jeffersonville, Indiana, V.S.A., was oorspronklik van die magnetiese bandopname afgeneem en onverkort deur Voice of God Recordings gedruk. Hierdie Afrikaanse vertaling was gedruk in 2000 deur:

AFRIKAANS

©2000 VGR, ALL RIGHTS RESERVED

VOICE OF GOD RECORDINGS, SOUTH AFRICA OFFICE
58 DISA ROAD, ADMIRAL'S PARK, GORDON'S BAY 7140 WESTERN CAPE
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

VOICE OF GOD RECORDINGS
P.O. BOX 950, JEFFERSONVILLE, INDIANA 47131 U.S.A.
www.branham.org

## Kopiereg kennisgewing

Alle regte voorbehou. Hierdie boek mag gedruk word op 'n tuisrekenaar vir persoonlike gebruik of om uitgegee te word, gratis, as 'n middle om die Evangelie van Jesus Christus te versprei. Hierdie boek kan nie verkoop word, op groot skaal gereproduseer word, op 'n webtuiste geplaas word, in 'n opsoekstelsel geberg word, vertaal word in ander tale, of gebruik word om fondse in te samel, sonder die uitdruklike geskrewe toestemming van Voice Of God Recordings®, nie.

Vir meer inligting of vir ander beskikbare material, kontak asseblief:

VOICE OF GOD RECORDINGS
P.O. BOX 950, JEFFERSONVILLE, INDIANA 47131 U.S.A.
www.branham.org